Pretoria- 15 Junie 2014

Skriflesing: Psalm 24; Prediker 5; Markus 10:17-31
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 42**
Teks: Psalm 24:1; Prediker 5:9, 12, 18, Markus 10:21
Sing: Ps. 145: 1,12; Ps. 119:6; Ps. 128:1

Psalm 24

Psa 24:1 'n Psalm van Dawid. Die aarde behoort aan die HERE en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon;
Psa 24:2 want Hy het dit gegrond op die seë en dit vasgestel op die strome.
Psa 24:3 Wie mag klim op die berg van die HERE? En wie mag staan in sy heilige plek?
Psa 24:4 Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.
Psa 24:5 Hy sal seën wegdra van die HERE en geregtigheid van die God van sy heil.
Psa 24:6 Dit is die geslag van hulle wat na Hom vra, wat u aangesig soek—dit is Jakob. Sela.
Psa 24:7 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
Psa 24:8 Wie is tog die Erekoning? Die HERE, sterk en geweldig, die HERE geweldig in die stryd.
Psa 24:9 Hef op julle hoofde, o poorte, ja, hef op, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan!
Psa 24:10 Wie is dan tog die Erekoning? Die HERE van die leërskare—Hy is die Erekoning! Sela.

Prediker 5

Ecc 5:1 (4:17) Gee ag op jou voet as jy na die huis van God gaan, want om nader te kom en te hoor, is beter as dat dwase 'n slagoffer bring; want hulle het geen verstand nie, sodat hulle kwaad doen.
Ecc 5:2 (5:1) Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie; want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.
Ecc 5:3 (5:2) Want soos die droom kom deur baie drukte, so die gepraat van die dwaas deur baie woorde.
Ecc 5:4 (5:3) As jy 'n gelofte aan God gedoen het, stel nie uit om dit te betaal nie, want daar is geen welgevalle in dwase nie. Betaal wat jy belowe.
Ecc 5:5 (5:4) Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.
Ecc 5:6 (5:5) Laat jou mond nie toe om op jou liggaam 'n sondeskuld te laai nie, en sê nie voor die gesant van God: Dit was 'n vergissing nie. Waarom moet God toornig word oor jou stem en die werk van jou hande verwoes?
Ecc 5:7 (5:6) Want soos daar baie drome is, so is daar ook nietige woorde in menigte, maar vrees God!
Ecc 5:8 (5:7) As jy verdrukking van die arme en berowing van reg en geregtigheid sien in die land—verwonder jou nie oor die saak nie, want 'n hoër een loer op die hoë, en die hoëres weer op hulle.
Ecc 5:9 (5:8) Maar 'n voordeel vir 'n land onder alles is dit: 'n koning wat aan die landbou diensbaar word.
Ecc 5:10 (5:9) Hy wat geld liefhet, kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie; ook dit is dan tevergeefs.
Ecc 5:11 (5:10) As die goed baie word, word die eters baie; watter voordeel het die besitter dan daarvan, behalwe dat sy oë dit aanskou?
Ecc 5:12 (5:11) Soet is die slaap van die arbeider, of hy min en of hy baie eet; maar die oorversadiging van die ryke laat hom nie toe om te slaap nie.
Ecc 5:13 (5:12) Daar is 'n smartlike onheil wat ek onder die son gesien het: rykdom wat deur sy besitter bewaar word tot sy eie ongeluk.

Ecc 5:14 (5:13) Gaan hierdie rykdom verlore deur 'n ongeval, en het hy 'n seun verwek, dan besit dié niks nie.
Ecc 5:15 (5:14) Soos hy uit die skoot van sy moeder uitgegaan het, gaan hy naak weer heen soos hy gekom het; en hy sal vir sy moeitevolle arbeid niks wegdra wat hy met hom kan saamneem nie.
Ecc 5:16 (5:15) So is dit dan ook 'n smartlike onheil: net soos hy gekom het, so sal hy heengaan; watter voordeel het hy dan dat hy hom vermoei het vir wind?
Ecc 5:17 (5:16) Ook eet hy sy lewe lank in duisternis en het baie ergernis; daarby sy lyding en toorn!
Ecc 5:18 (5:17) Kyk, wat ek as 'n goeie ding gesien het, wat voortreflik is, is dat iemand eet en drink en die goeie geniet vir al sy arbeid waarmee hy hom vermoei onder die son gedurende die getal van sy lewensdae wat God hom gee; want dit is sy deel.
Ecc 5:19 (5:18) Ook vir elke mens aan wie God rykdom en skatte gegee het, en wat Hy in staat stel om daarvan te eet en sy deel te neem en hom te verheug by sy moeitevolle arbeid, is dit 'n gawe van God.
Ecc 5:20 (5:19) Want hy dink nie baie aan sy lewensdae nie, omdat God hom laat besig wees met die vreugde van sy hart.

Markus 10:17-31

Mar 10:17 En toe Hy op die pad uitgaan, hardloop daar een na Hom toe en val voor Hom op die knieë en vra Hom: Goeie Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?
Mar 10:18 En Jesus sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God.
Mar 10:19 Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreek nie, jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie steel nie, jy mag geen valse getuienis gee nie, jy mag niemand te kort doen nie; eer jou vader en jou moeder.
Mar 10:20 Maar hy antwoord en sê vir Hom: Meester, al hierdie dinge het ek onderhou van my jeug af.
Mar 10:21 En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort—gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My.
Mar 10:22 Maar hy het treurig geword oor dié woord en bedroef weggegaan, want hy het baie besittings gehad.
Mar 10:23 Toe kyk Jesus rond en sê vir sy dissipels: Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan!
Mar 10:24 En die dissipels was verbaas oor sy woorde; maar Jesus antwoord weer en sê vir hulle: Kinders, hoe swaar is dit vir die wat op hulle goed vertrou, om in die koninkryk van God in te gaan!
Mar 10:25 Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.
Mar 10:26 En hulle was uitermate verslae en het vir mekaar gesê: Wie kan dan gered word?
Mar 10:27 Maar Jesus het hulle aangekyk en geantwoord: By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie; want by God is alle dinge moontlik.
Mar 10:28 Toe begin Petrus vir Hom te sê: Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg.
Mar 10:29 En Jesus antwoord en sê: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van My en van die evangelie verlaat het nie,
Mar 10:30 of hy ontvang nou in hierdie tyd honderd maal soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en grond, saam met vervolginge, en in die eeu wat kom, die ewige lewe.
Mar 10:31 Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en die wat laaste is, eerste.

Sondag 42:

110 **Vraag***: Wat verbied God in die agste gebod?*
Antwoord: God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).
(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13 (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.
111 **Vraag***: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod?*
Antwoord: Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).
(a) Matt 7:12. (b) Ef 4:28.

Skriflesing: Psalm 24; Prediker 5; Markus 10:17-31
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 42**
Teks: Psalm 24:1; Prediker 5:9, 12, 18, Markus 10:21
Sing: Ps. 145: 1,12; Ps. 119:6; Ps. 128:1

Geliefdes in ons Here Jesus Christus- In die sesde gebod beskerm God ons lewens. In die sewende gebod het God die huwelike beveilig. Nou- in die agtste gebod gaan dit om besittings. Ons besittings, ons naaste se besittings. Besittings wat heilig is. Heilig beteken om aan God afgesonder te wees. Dit is presies wat ons besittings is, alles is aan God afgesonder. Alles behoort aan die Here. Hy is die absolute Eienaar van alle dinge. Ons het gelees in Psalm 24 – *Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan, die wêreld en die wat daarin woon.* Daar is niks wat ons het wat ons nie ontvang het nie. 1 Korintiërs 4:7- *Wat het jy wat jy nie ontvang het nie?*..... Ons lewens, ons besittings, ons ALLES behoort aan God. Dit is mos juis my grootste troos in hierdie lewe en ook as ek sterwe. ***EK BEHOORT AAN GOD.***

Sondag 1 van ons belydenis het met hierdie troosboodskap begin. Ons hele belydenis in die Kategismus is ’n troosboek, ook wanneer ons besef nie net ekself nie, maar alles wat ek het behoort aan God. Ek met my besittings is God se eiendom. God is die enigste werklike Eienaar wat daar is. Ons mense is wel besitters, maar in die werklike sin van die woord is daar geen mens op aarde wat eienaar van iets is nie. Eie aan ons sonde natuur, wil ons graag eienaar wees, maar die eer kom ons nie toe nie, dit is slegs God wat Eienaar is. Die eer kom aan God toe!

***

Tog het die Here aan die mens in sy besittings óók ’n ere posisie gegee. Die posisie van rentmeester. Rentmeester is afgelei van ’n woord in die Grieks waar ons woord ekonomie vandaan kom. ’n Ekonoom is iemand wat geldsake kan bestuur. Wanneer God ons sy rentmeesters maak dan het hy aan ons besittings toevertrou en God verwag dat ons die besittings sal bestuur. God, die enigste Eienaar het ons as mense oor sy besittings aangestel om dit te beheer. ’n Vrye beheer, maar ook ’n verantwoordelike beheer. ’n Vrye beheer, want ons mag van die vrugte van die land eet, maar ook ’n verantwoordelike beheer, want ons sal oor al ons doen en late aan God die Eienaar van alles verantwoording moet kan doen.

Dink maar ’n oomblik aan die gelykenis van die ryk man en Lasarus. Die feit dat die man ryk was, daarmee is niks verkeerd nie, maar die vraag is of hy aan God oor sy rykdom in die lig van God se Woord verantwoording kon doen? Hoe werk ons met ons besittings? Wat maak ons wanneer ons ryk is? Is ons ryk met God, dan is ons skatryk, is ons ryk sonder God, dan is ons brandarm. As rykdom op sigself verkeerd was hoekom was Abraham dan ryk, Jakob was ryk, Job was ryk, Salomo was baie ryk.

In Spreuke 22:2 lees ons – *Rykes en armes ontmoet mekaar, die Here het hulle almal gemaak……* Rykdom mag selfs geniet word- Prediker 5:18 – *God vir elke mens aan wie God rykdom en skatte gegee het en wat Hy in staat stel om daarvan te eet en sy deel te neem en hom te verheug by sy moeitevolle arbeid, is dit ’n gawe van God…* Aan die ander kant kan ’n ryk man ook ’n dwaas wees. Ons lees daarvan in Lukas 12 – Die man wat vir homself sê, eet en drink en lekker leef. God noem hom ’n dwaas. Dit is iemand wat dink die lewe bestaan uit die oorvloed van besittings. Die lewe hang nie af van die hoeveelheid skatte wat ’n mens het nie. Soos die gelykenis in Lukas 12:21 dan ook afsluit – dit help nie ’n mens vergader skatte en ’n mens is nie ryk in God nie.

U het ook in Prediker 5 gehoor – *Hy wat geld liefkry, kry nie genoeg van geld nie en wie rykdom liefhet, nie van inkomste nie; ook dit is dan tevergeefs.* ’n Mens wat ’n rentmeester van God is, is iemand wat vir God liefhet. As liefde vir God verruil word met liefde vir geld, dan is dit ’n

smartlike onheil soos Prediker 5 daarna verwys. Vers 12 – *Daar is 'n smartlike onheil wat ek onder die son gesien het; rykdom wat deur sy besitter bewaar word tot sy eie ongeluk*…..Die ongeluk is dat die mens nie meer die beeld van God vertoon nie. Daardie beeld dat God Eienaar van alles is en ek slegs 'n besitter is wat in verantwoordelikheid aan die absolute Eienaar my besittings moet beheer en bestee.

***

Wanneer ons dit so beskou dan is alle besittings 'n gawe van God. God en goed mag nie van mekaar geskei word nie. Wie dit doen, maak God tot goed en die goed wat hy het maak hy 'n god, 'n afgod. Die gelykenis van die ryk jongman in Markus 10 het juis die belangrike sleutel. Die hoofsaak in die gelykenis is ons mag nie geld en besittings verafgod nie. Die Here gee beslis nie hier 'n algemene reël aan alle gelowiges dat hulle nou hulle goed moet gaan verkoop soos wat Jesus vir die jongman gesê het nie. Die punt waarop dit neerkom is as 'n mens jou besittings tussen jou en God laat inkom dan vertoon 'n mens nie meer die beeld van God nie. Dan geld die eis van die gelykenis om jou goed te verkoop.

Om die beeld van God oor sy besittings te vertoon is dat die mens ook oor sy besittings sal heers soos wat God 'n Heerser is. Die jongman kon nie daaroor heers nie, dan is dit beter dat hy dit nie het nie. 'n Gesindheid teenoor besittings wat ook in God se Woord vasgelê en ook by die ryk jongman uitkom is dat 'n mens moet weet dat dit tydelik is. 'n Mens moet ook van besittings afstand kan doen. Veral is dit baie duidelik dat 'n mens ter wille van die koninkryk van God van besittings afstand moet kan doen. Die ryk jongman het nie vir die eis van God se koninkryk kans gesien nie en daarom gee Christus aan hom die buitengewone opdrag. Die ryk man en soveel ander mense vergeet so maklik dat God hulle besittings slegs vir 'n tyd aan hulle gegee het. Die tydelike kan tog nie belangriker as die ewige gereken word nie. Tog maak ons mense so maklik hierdie verskriklike berekeningsfout.

Die Prediker wys in sy hele boek so duidelik op die tydelikheid van alles hier op aarde…..die tevergeefsheid as God nie daarby is nie. Die bekende Prediker 3 wys op die tydelikheid – *Alles het sy bepaalde uur en vir elke saak onder die hemel (*OOK VIR BESITTINGS) *is daar 'n tyd.*

*'n Tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant en 'n tyd om uit te roei wat geplant is 'n tyd om dood te maak en 'n tyd om gesond te maak, 'n tyd om af te breek en 'n tyd om op te bou……*Paulus wys in 1 Korintiërs 7 ook op die tydelikheid as daar in vers 30 en 31 staan dat die wat *koop, moet wees asof hulle nie besit nie en die wat hierdie wêreld gebruik asof hulle dit nie ten volle gebruik nie, want die gedaante van hierdie wêreld gaan verby.*

Al moet 'n mens afstand kan doen, is daar ook die baie duidelike verband in die Skrif dat 'n mens se besittings aan jou gebind moet wees – daar moet 'n band wees. So sterk dat die besittings 'n bestaansvorm van die besitter is. Die volk Israel is so sterk met hulle besitneming van die land Kanaän geassosieer, dat sou hulle die land nie besit nie, dan sou hulle as volk nie meer bestaan nie. Die band tussen grond en voete, so sterk moet die band tussen besitter en besitting wees.

***

Alleen God en deur die wil van God en deur die reëling van God se Woord mag die band tussen die besitter en besitting gebreek word nie. Nie deur diefstal of roof nie. Dit is waar ons belydenis begin wanneer iemand nie meer oor sy besittings kan heers nie, nie meer rentmeester kan wees nie, wanneer 'n mens se goed gesteel of geroof word. Die band tussen besitter en besitting word dan gruwelooslik geskend, op subtiele wyse by diefstal, op gewelddadige wyse by roof. God verbied diefstal en roof en die owerheid moet dit ook straf. Paulus noem diefstal en rowery saam met die sonde van hoerery en afgodery en dan staan daar duidelik in 1 Korintiërs 6:10 –*dat diegene wat sulke dinge doen die koninkryk van God nie sal beërwe nie…….*

Ons belydenis noem egter ook steel en roof wat die owerheid nie kan straf nie. Dit is so verfyn en geslepe dat dit die land wette kan omseil. Ons belydenis noem dit **skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry…..**Hierdie manier van optrede is wanneer daar ook magsmisbruik plaasvind. 'n Voorbeeld is belasting. Inkomstebelasting moet ons betaal. God beveel dit! Nou is daar mense met baie skelmstreke en lis wat die belasting knoei, hulle sal daaroor verantwoording moet doen. Aan die kant van die owerheid moet egter ook na God geluister word. Magsmisbruik mag nie die belasting bepaal nie.

’n Skyn van reg wat dan met geweld op ’n mens afgedwing kan word. Dit was die tyd wat Jesaja in sy dae in Juda moes beleef. Jesaja 1:23 – *Jou vorste is opstandelinge en metgeselle van diewe; elkeen van hulle het omkoopgeskenke lief en jaag beloninge na……*Owerheid en onderdaan is aan God se Wet gebind, elkeen moet daaraan gehoorsaam wees.!

***

Nog maniere wat ons belydenis noem onder steel en roof is valse gewigte soos dit in die ou tyd gebruik is, lengtemaat, inhoudsmaat, valse goedere. Hier kan ons natuurlik misleidende advertensies bybring. ’n Mens se hart word gesteel ten gunste van ’n bepaalde artikel terwyl die advertensie daaroor vals is. Dit is steel. ’n Artikel mag nie hoër aangeprys word as wat sy werklike waarde is nie. Selfs mag die volk Israel nie hierdie bedrog teen die Here probeer pleeg het as hulle offerdiere na die altaar toe gebring het nie. ’n Goeie dier mag nie vir ’n slegte dier omgeruil word om dan die slegte dier aan die Here te offer nie. In Maleagi 1:13 staan dan ook die aanklag net voor die stil tyd waar die Nuwe Testament eers jare daarna sou begin – *Julle bring geroofde en lam en siek diere – so bring julle dan die offer ! Kan ek dit met welgevalle uit julle hand aanneem?*

Die belydenis praat op die einde van enige middel wat God verbied. Dit is duidelik soos wat ons belydenis dit dan ook stel dat daar altyd nog nuwe vorme van diefstal bykom. Hoeveel diefstalle is nie deur die rekenaarbedryf al opgesluit nie. Banke is al lam gelê deur rekenaar bedrog. Geslepenheid raak ’n al hoe fyner kuns en tog bly dit misbruik en verkwisting van gawes. Aan God behoort alles, Hy is die Gewer van alles, elke besitting is ’n gawe van God. Mense kan ok hulleself besteel, hulle van hulle eie gawes ontroof.

By ’n gierigaard ontbreek op die einde sowel dit wat hy het, as dit wat hy nie het nie. Hoe duidelik waarsku die Here ons dan ook in 1 Timotheus 6:10 – *Die geldgierigheid is ’n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.*

God wil dat die goeie gawes wat Hy ons gee, ons dit sal gebruik tot eer van sy Naam en tot heil van ons naaste. Ook moet ons God se gawes oppas. Nie daarmee mors nie, soos mense borde kos kan weggooi. Dit is ’n verkwisting en vermorsing van God se gawes. Elke stukkie kos wat ons het, is ’n gawe van God. Jesus het vir sy dissipels opdrag gegee, nadat Hy baie kos gemaak het en daarna twaalf mandjies brood oorgebly het, *om die brokstukke bymekaar te maak wat oorgeskiet het, sodat niks verlore gaan nie.*

***

Om in die Here te arbei is nie tevergeefs nie. As ons in die Here arbei, dan arbei ons ook in sy verbond waarin ons die belange van ons naaste wil bevorder. Dan sal ons ons naaste behandel ook kragtens mekaar se besittings soos wat ek wil hê dat die mense my moet behandel. Dit was die kenmerk van Jesus Christus se arbeid hier op aarde. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien. Ons moet mekaar se dienaars wees. Om te dien moet ek werk. Die orde het Jesus Christus dan ook weer reggestel.

Na die sonde van die eerste Adam het die mens gewerk om te eet, die tweede Adam het hierdie orde ook herstel. Ons werk nie meer om te eet, maar ons eet om krag te hê om te werk. Ons werk getrou sodat ons ook die behoeftiges in nood kan help. Die behoeftige is tog ook ons naaste. My naaste is die mense wat naby my is, die mens op ’n gegewe moment die naaste aan my is, is my naaste. Dit kan ’n behoeftige mens wees. U mag nie vergeet wat het met die ryk man gebeur wat nie vir Lasarus in sy behoefte gehelp het nie. Toe Lasarus die naaste aan die ryk man was, het hy hom nie gehelp nie. Hy het eerder vir Lasarus naby die honde gelos. Eendag mag die Here ook vir ’n mens wat ’n ander nie wou help nie sê – *Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het ……..*Wat sal u antwoord. Is u ’n rentmeester? Is u getrou ? Help u waar u kan help?

AMEN